

SOEKLIG REEKS

JONA

AH Bogaards VDM

Uitgewers:

Deputate vir die Calvin-Jubileumboekefonds, Posbus 20004, Noordbrug 2522, Potchefstroom

Hoewel die deputate van die Calvin Jubileum Boekefonds (CJBF) hierdie werk gekeur het, bly die menings hierin uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, die van die skrywer en moet dit in geen geval beskou word as 'n weergawe van die CJBF-deputate of van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

INHOUD

1. VOORWOORD DEUR HANDLEIDING-SAMESTELLER.....	2
2. VOORWOORD NAMENS DIE DEPUTATE JEUGSORG	2
3. RIGLYN VIR GEBRUIK.....	2
DAG 1 INLEIDING JONA 1:1	3
DAG 2 JONA 1:1-3 (i).....	5
DAG 3 JONA 1:1-3 (ii)	7
DAG 4 JONA 1:4-6	9
DAG 5 JONA 1:7-10 (i).....	11
DAG 6 Jona 1:7-10 (ii)	13
DAG 7 Jona 11, 12 (i).....	15
DAG 8 JONA 1:11, 12 (ii).....	17
DAG 9 JONA 1:13-16 (i).....	19
DAG 10 JONA 1:13-16 (ii)	21
DAG 11 JONA 1:17-21	23
DAG 12 JONA 2:2-6a.....	25
DAG 13 JONA 2:6b-8, 9b, 10	28
DAG 14 JONA 2:9a.....	30
DAG 15 JONA 3:1-3	32
DAG 16 JONA 3:4-5 (i).....	34
DAG 17 JONA 3:4-5 (ii)	36
DAG 18 JONA 3:6-9	38
DAG 19 JONA 3:10.....	40
DAG 20 JONA 4:1-4 (i).....	42
DAG 21 JONA 4:1-4 (ii)	44
DAG 22 JONA 4:5-11 (i).....	46
DAG 23 JONA 4:5-11 (ii)	48

1. VOORWOORD DEUR HANDLEIDING-SAMESTELLER

Hierdie *Handleiding vir die lees van Jona* het ontstaan uit 'n reeks van 14 preke, wat ek gedurende 1989 in die gemeentes van Daniëlskuil en Delportshoop gehou het.

My bede is dat dit diensbaar mag wees in die opbou van die Koninkryk van God en dat dit elke leser so ver mag bring om van harte te bely: "Die heil behoort aan die Here" (Jona 2:9), d.w.s. ons verlossing is net God se werk. Aan God alleen die eer!

A.H. Bogaards VDM.

2. VOORWOORD NAMENS DIE DEPUTATE JEUGSORG

[Die gedrukte boekie bevat geen voorwoord deur die deputate nie.]

3. RIGLYN VIR GEBRUIK

1. Hierdie handleiding is hoofsaaklik opgestel vir die gebruik tydens persoonlike Skrifstudie. Dit is egter ook geskik vir Bybelstudie in groepsverband en as 'n riglyn vir huisgodsdien.
2. Die handleiding is 'n hulpmiddel om die Bybel met beter begrip te lees. Dit wil geen uitgebreide kommentaar wees wat in fyn besonderhede ingaan nie. Die handleiding bestaan uit 'n aantal ongedateerde dagstudies. Die ideaal is dat u as leser die dagstudies so ver moontlik opeenvolgend sal gebruik, om sodoende die eenheidslyn in die studie te volg.
3. Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1983) is gebruik, alhoewel die ou vertaling ook as hulp gebruik kan word. Om u met die opsoek van Skrifgedeeltes behulpsaam te wees, is die bladsynommers van die 1983-vertaling in hakies gegee.
4. Elke dagstudie word in die volgende drie afdelings ingedeel:
Oorsig: Onder 'oorsig' word by die dagstudie 'n tema-opskrif vir die betrokke Skrifgedeelte gegee. Daarna word die gedagte-opbou van die Skrifgedeelte skematies uiteengesit.
Insig: Onder 'insig' word die inhoud van die Skrifgedeelte verduidelik.
Uitsig: Onder 'uitsig' word aan u as leser 'n aantal vrae en ander Skrifgedeeltes gegee sodat u vanuit die betrokke Skrifgedeelte die regte uitsig op u eie lewe en ander Skrifgedeeltes kan kry. Dit is dus belangrik dat u oor die vrae sal besin en die aangeduide Skrifgedeeltes sal opsoek. Sodoende sal u hierdie handleiding se volle waarde benut.
5. Onder die uitsig-gedeelte is daar soms verwysings na Die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en Die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit is die drie belydenisskrifte wat u agter in u Psalmboek sal vind of in sekere katkisasie handboeke.
6. Daar is met die oog op Skrifverwysings van afkortings gebruik gemaak. Op die volgende wyse word na 'n Skrifgedeelte verwys:

Lk 8:12-13

v. 12 (afkorting vir vers 12)

vv. 12-13 (afkorting vir verse 12-13)

DIE SKRYWER

Die skrywer is onbekend, aangesien die Bybel ons niks in die verband sê nie. Die boek dra die naam van die persoon in wie se wedervaringe die Here Hom openbaar, nl. die profeet Jona. Vs. 1 noem hom: Jona, die seun van Amittai. Wie Amittai was, weet ons nie.

DIE DATERING

In II Kn 14:25 (p.411) word van Jona melding gemaak. Daar word vertel dat hy aan Jerobeam II voorspel het dat die gebied van sy ryk sou uitbrei tot die grense in die dae van Dawid en Salomo. Jona het dus opgetree in die tyd van Jerobeam II, koning van die Israelitiese tienstammeryk; dit was so ongeveer die jare 783 - 743 v.C. Moontlik was dit in die begin van sy regeringstyd.

DIE GEADRESSEERDES EN HULLE OMSTANDIGHEDE

In hierdie boek word Israel, d.w.s. die kerk, in Jona se dae aangespreek.

Hulle geestelike gesteldheid kan in twee begrippe beskryf word: *hoogmoed* en *valse gerustheid*.

Amos en Hosea, wat ook so min of meer in dieselfde tyd geprofeteer het, gee ons 'n duidelike beeld van die geestelike situasie. Amos beskrywe sy volksgenote as sorgeloses en gerustes (Amos 6:1, p.952). Oor die oordeelsdag was hulle nie besorg nie, want hulle was blind vir hulle eie sondeskuld (Hos. 12:9, p. 940). In hoogmoed het hulle neergesien op die heidendom en gedink dat die gerig van die dag van die Here vir die heidene bedoel was. God se volk daarenteen, sal skotvry gaan.

Intussen het die ongeregtheid welig in Israel getier. Aan die een kant het hulle geroep "ons is aan U toegewy, ons God!" (Hos. 8:2, p.937). Aan die ander kant is egter oral die Baäls aanbid en in Bet-el en Gilgal het die kalwerdiens gefloreer. Die dae van Jerobeam II was 'n tydperk van groot voorspoed op politieke en ekonomiese gebied, maar geestelik het die lewe 'n laagtepunt bereik. Dit sou dan ook nie meer lank duur voordat Israel in ballingskap na Assirië sou gaan nie.

TEMA

Die HERE roep sy kerk op tot 'n lewe uit genade alleen.

INHOUD

Hfst. 1. Die sondigheid ook van die kerk in sy verteenwoordiger, Jona, blootgelê. Jona word gestraf.

Hfst. 2. Die gebed van Jona in die vis: hy bely sy ellende, erken dat sy verlossing net van die HERE af kom en beloof dankbaarheid. Die HERE red hom.

Hfst. 3. Die prediking van Jona en die heerlike vrugte daarvan: Ninevé word bekeer en die HERE sien af van die straf.

Hfst. 4. Die ontevredenheid van Jona oor die redding van Ninevé. Die Here se antwoord: Hy is 'n barmhartige God.

BETEKENIS VAN DIE BOEK

1. *Twee sleuteltekste* in die boek is 2:9 en 4:2, want daarin word saamgevat wat die HERE in die geskiedenis by sy volk wil tuisbring nl. *dat ook die kerk* se verlossing net God se werk is (2:9) en dat ook die kerk se redding net te danke is aan die HERE se genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en goedertierenheid jeens hulle (4:2). Dit ervaar die kerk, in die persoon van sy verteenwoordiger, Jona, aan eie lyf, want in hom laat die HERE sien dat ook die kerk so sondig is en hulself nie kan red nie.
2. Al word Jesus nie by name genoem nie, is die boek Jona vol van hom: Jona se verblyf in die ingewande van die vis is 'n profesie van Christus se verblyf in die graf (Mt 12:40, p.20; Mt 16:4, p.26; Lk 11:30, p. 98); die Here se genade, barmhartigheid en lankmoedigheid jeens Jona (die kerk) en Ninevé en sy af sien van die straf kan net vanuit die offer van Jesus verklaar word; Hy is die heil of verlossing van die Here (2:9).

GEBEDSRIGLYNE:

- ° Bid dat die groot Bybeluitlegger, die Heilige Gees, jou sal help om hierdie boek te verstaan en toe te pas in jou eie lewe.

LEES: Eks 34:6, 7 (p. 105).

DIE *HERE* TOETS DIE GEHOORSAAMHEID VAN SY KERK

OORSIG

Vers 1	Vers 2a	Vers 2b	Vers 3
Die Woord van die Here kom tot Jona.	Die inhoud van die Woord aan Jona.	Die rede vir die Woord aan Jona.	Jona se reaksie op die Woord van die Here

INSIG

"Die Woord van die *HERE* het tot Jona ... gekom" (vs. 1). D.w.s. Jona het 'n *bevel* van die *HERE* ontvang.

Die inhoud van die woord lui: "Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé en preek daarteen" (v. 2a, O.V.) Preek *daarteen*: D.w.s. dit gaan om *oordeelsprediking*. In Jon 3:4b word die gerigswoord nader omskrywe: "Nog net veertig dae en Ninevé word verwoes".

Die rede vir die oordeelsprediking motiveer die *HERE* soos volg: "*Want* hulle boosheid het opgestyg voor my aangesig (v. 2b, O.V.) Ninevé se verskriklike sondigheid word met 'n treffende beeldspraak beskryf: Sonde is gestapel op sonde en die top van die sondeberg het opgestyg tot voor die aangesig van die *HERE*. Ninevé se sonde het m.a.w. so erg geword dat die *HERE* dit nie langer meer kon duld nie. Om 'n Afrikaanse idioom te gebruik: Hulle boosheid was ten hemel skreiend. Dit het na die hemel geroep om straf.

Ninevé was dus 'n uitermate goddelose stad. Jon 3:8 praat van "Hulle verkeerde dade" en "die geweld wat hulle gepleeg het". Nahum noem Ninevé die bloedstad, wat louter bedrog, vol geweld is, terwyl die rowery nie ophou nie (3:1). Bedrieëry, diefstal en bloedvergieting het nooit end gekry nie.

Ninevé was die kulturele en godsdienstige hoofsentrum van die opkomende wêreldryk, Assirië. In hulle opgang as wêreldmoondheid het hulle die oorwonne lande op die vreeslikste wyse geplunder en Ninevé verfraai met die skatte wat oral geroof is. Hulle was bekend as die wreedste volk van daardie tyd. Op hulle veldtogte het die bloed letterlik gestroom. Een van hulle konings spog in 'n inskripsie oor die genadelose wreedheid van sy veldtogte. "Ek het die bergtoppe bestorm en dit geneem. In die midde van die magtigste gebergtes het ek hulle geslag; met hulle bloed het ek die berg rooi gekleur soos wol... Die koppe van hulle krygers het ek afgekap en dit in 'n pilaar voor hulle stad opgestapel; hulle jong manne en meisies het ek met vuur verbrand". Jesaja noem ook nog afgodery en buitengewone trots as sondes van Assirië. (10:5-19; 26:18-20).

So erg was Ninevé se sonde, dat die stad in die Skrif op een lyn met Sodom en Gomorra geplaas word.

En tog is God nog lankmoedig met hulle! Hy stuur sy gesant, die profeet Jona, na hulle toe om vir hulle te preek. God is baie lankmoediger as ons (vgl. Jon 4:2).

UITSIG

- Calvyn sê verskeie male: Ons moet die heidene sien as 'n spieël waarin ons onself kan sien, hoe ons sou gewees het as dit nie vir God se genade was nie!
- Die enigste verskil tussen die kerk en die heidendom lê opgesluit in een woordjie:

genade! Deur God se genade is ons wat ons is.

GEBEDSRIGLYN:

- Dank God vir sy genade in jou lewe, want dit is danksy sy goedheid alleen dat jy 'n Christen is en dat jy anders kan wees.

LEES: Jes. 10:5-19; 36:18-20 (p. 726, 751).



DIE HERE LÊ OOK DIE KERK SE ONGEHOORSAAMHEID BLOOT**OORSIG**

Verse 1 en 2	Vers 3
Die Woord van die HERE kom tot Jona.	Jona se antwoord op die Woord van die HERE.

INSIG

'n Mens sou verwag dat dit vir Jona as goeie Israeliet heerlik moes wees om Ninevé die oordeel van God aan te sê. Assirië het immers as opkomende wêreldryk, 'n groot bedreiging vir Israel ingehou.

Jona se reaksie op die woord van die HERE is egter skokkend: hy vlug. Sy antwoord is 'n radikale nee!

In hfst. 4:2 gee hy die rede vir sy optrede: Hy het presies geweet hoe sy God is. Daarom het hy ook presies geweet wat die HERE se doel was met sy oordeelsprediking: om goddeloses te bekeer. O, en as dit sou gebeur, dan sou die HERE Ninevé ook sy genade betoon. So ken hy sy God.

Dit was vir Jona 'n onverdraaglike gedagte. Daarvoor was Ninevé gans en al te goddeloos. Die heidene het niks beter as die oordeel van God verdien nie. Die HERE mag Hom nie met die heidene bemoei nie. Die heil is alleen vir die kerk bedoel, vir hulle wat leef by die wet van God.

O, wat 'n hoogmoed! So asof God Israel uitverkies het, omdat hulle soveel beter was as die ander volke! So asof die kerk sondeloos is!

In sy optrede spieël Jona sy volk af. Dit is asof 'n mens in hom die hele kerk van sy tyd in hulle hoogmoed sien staan en vertrou op hulle eie verdienste! In Jona sien 'n mens 'n voorloper van die Fariseërs. Ook die Fariseërs het hulle bloedig vererg omdat Jesus Hom met tollenaars en hoere bemoei het. Maar so gaan dit: mense wat blind is vir hulle eie sonde en daarom ook geen behoefte het aan genade nie, gun dit ook nie aan ander nie. So 'n kerk stagneer en leef nie na buite nie.

Daarom gaan die HERE Israel nou deur hulle verteenwoordiger leer hoe min hulleself reg op God se heil het. In Jona toon die HERE sy kerk 'n portret van hulle eie onwaardigheid, want Jona is ongehoorsaam aan die Woord: in plaas dat hy na Ninevé gaan, vlug hy in presies die teenoorgestelde rigting. Hy vlug van die aangesig van die HERE af weg (v. 3 O.V.) Dit beteken dat hy sy amp neerlê. Twee maal staan dit daar om die erns van sy sonde te onderstreep. Jona sal nog in sy eie lewe ondervind hoe nodig hyself die inhoud van hfst. 4:2 het!

Die reisgeld moes 'n aardige sommetjie bedra het, want 'n reis na Tarsis het ongeveer ses maande geduur. Ongehoorsaamheid kos duur. Sonde verwoes ons na liggaam en siel. Salig is jy as jy insien: Die reisgeld is te hoog, want uiteindelik kos dit jou siel.

Keer dan terug na God! Maar is die reisgeld vir die terugpad nie baie hoog nie? Ja, ontsaglik hoog! U kan dit nie betaal nie, maar Christus het dit vir u met sy kosbare bloed betaal. Gaan dan as verlore sondaar op die skip van genade, wat vaar onder die vlag van die kruis.

UITSIG

- Ook jy is in opstand teen God as jy ongehoorsaam is, sê Calvyn.
- Wie nie wil leef van genade alleen nie, is op vlug vir God.
- Alleen as jy jou eie sondenood besef en die grootheid van God se barmhartigheid in jou eie lewe ervaar het, sal jy oog hê vir die nood van jou naaste.

GEBEDSRIGLYN:

- Bely voor die HERE dat jy 'n sondaar is en sy genade nodig het.
- Vra Hom om jou oë te open vir die sondenood van ander.

LEES: Lk 7:47 (p. 89).



DIE *HERE* IS LANKMOEDIG MET VLUGTENDE VERBONDSKINDERS

OORSIG

Vers 4	Vers 5	Vers 6
Die <i>HERE</i> agtervolg sy vlugtende kneg.	Die groot kontras tussen die heidene se reaksie op die storm en Jona se optrede	'n Wakker wêreld wys 'n slapende kerk op sy roeping

INSIG

Jona is op vlug. As dit van hom afgehang het, sou daar niks van sy amp as profeet tereggekome het nie. As die *HERE* hom nie *genadig* was nie, sou hy in ongehoorsaamheid onder die golwe van God se ewige toorn verdwyn het.

Dit is egter nou juis so ontroerend mooi in hierdie geskiedenis: Die *HERE* verteer hom nie onmiddellik in sy toorn nie, maar Hy agtervolg sy rebelse kind met amper oneindige *geduld*. Dit is wat *genade* is: dat die *HERE* mense agtervolg, wat willens en wetens sy Woord verwerp.

Jona is in die leerskool van genade. Hy is voorwerp van God se byna eindelose lankmoedigheid. Dit alles het hy Ninevé nie gegun nie. Nou skenk God hom dit, terwyl hy dit nog minder as Ninevé verdien. Immers, Jona sondig teen die uitdruklike Woord van God, terwyl die heidene die Woord nie het nie.

In v.3 kry ons die "maar van opstand": Maar Jona het gevlug. In v.4 kry ons die "maar van die *HERE*" Dit is die maar van sy genade, van sy opsoekende liefde. God gee sy engel of boodskapper genaamd Storm, bevel om die vlugteling te arresteer (vgl. Ps. 104:4, p.636. Die Hebreeus praat van engel). Noodweer breek los!

Die heidense matrose gooi die kosbare vrag oorboord in 'n poging om hulle lewens te red. Eers in die aangesig van die dood leer die mens hoe onbelangrik aardse skatte is. Dan is dit miskien al te laat. Ook ander ly a.g.v. Jona se sonde en a.g.v. u sonde. Natuurrampe en 'n swak ekonomie, teëslae en verdriet in u persoonlike lewe - d.i. alles boodskappers van God.

God is 'n soekende God. Soms roep hy ons met 'n sagte stem, ander kere met die harde stem van sy gerig. In alles weerklink egter sy liefde. Iemand het eenmaal gesê: In voorspoed fluister God tot ons. Ons is egter hardhorend. Dan rig God klankversterkers op d.m.v. lyding. Dan dawer God se stem deur die kamer.

'n Mens sou sê dat Jona dadelik sou reageer op die stem van die *HERE*, maar Jona stop sy ore toe: hy gaan lê en slaap. Hy is deur en deur verhard.

Sy optrede staan in skrilte kontras teenoor die van die heidene. Terwyl ruwe matrose luidkeels bid tot hulle afgode, lê hy en slaap, hy bid nie vir homself nie en ook nie vir sy medemens nie, so asof daar nie so iets soos God se toorn en sy ewige gerig bestaan nie. Die *HERE* beskaam Jona d.m.v. die heidene wat hy so diep verag. Die kerk swyg.

'n Heidense skeepskaptein moet hom wakker skud en wys op sy roeping (v. 6). 'n Heiden preek vir 'n dominee. "Miskien sal Hy aan ons dink" (v. 6). Die kerk swyg terwyl hy 'n God ken wat *sekerlik* kan verlos van sy toorn. (Jh 3:18, 36, p.126).

UITSIG

- Hoor ons die stem van God nog in allerlei teëslae of werk ons God uit ons lewe uit met die woordjie "toeval?"
- Is jy 'n wakker Christen? Sien jy die onreg, die verwoestende gevolge van die sonde nog raak? Weet jy nog van God se toorn in hierdie en in die ewige lewe? Verkondig jy nog Jesus Christus as die Een wat ons van sondemag en sondeskuld verlos? 'n Spreekende kerk is 'n seën vir die wêreld.

GEBEDSRIGLYNE:

- Dank God vir sy genade en lankmoedigheid met jou.

LEES: Hand 27 (p. 195) (Hoe anders tree Paulus nie op as Jona nie!)



**DIE *HERE* IS HARDNEKKIG LANKMOEDIG MET 'N HARDNEKKIG
ONGEHOORSAME KERK**

OORSIG

Vers 7	Vers 8	Vers 9	Vers 10
Jona as die skuldige aangewys.	Jona onder heidense kruisverhoor.	Jona se "geloofsbelydenis"	Die heidense matrose se reaksie op Jona se "geloofsbelydenis"

INSIG

Die bekende teoloog, H.F. Kohlbrügge, het die Bybelse geskiedenis so opgesom: Dit is die geskiedenis van *God se hardnekkige geduld* teenoor die geskiedenis van *Israel se hardnekkige opstand*. Presies dit sien ons in Jona in die klein voor ons afspeel. Jona spieël immers sy volk af.

Enersyds volhard Jona in die kwaad. Ten spyte van die kolkende golwe wat getuig van God se majesteit, van sy hand wat sy profeet soek, kom daar geen skuldbelydenis oor sy lippe nie. Hy bly onbekeerlik.

Andersyds openbaar die *HERE* Hom in sy hardnekkige geduld. Ons sou sê: Waarom bemoei God hom nog met Jona? So 'n kneg is tog nie veel werd nie? Hy is tog nie verleë oor hom nie? Hy is immers in staat om uit stene kinders van Abraham, om uit sand profete te maak? Wat 'n nederige geduld van die hoë God om soveel moeite te doen om sy balhorige kind te agtervolg. Dit moet die kerk klein maak voor God, wanneer ons onself in die boek sien. Hoe nodig het die kerk self nie God se lankmoedigheid nie.

As die storm bly woed, besluit die matrose om die *lot* te werp "sodat ons kan uitvind oor wie hierdie *ramp* ons tref" (v. 7) Hulle lê tereg 'n nou verband tussen die nood waarin hulle verkeer en die sonde. Immers: was daar geen sonde nie, dan was daar geen wonde nie. Alle ellende in hierdie lewe is die gevolg van die sonde. Dit is 'n jammerlike waarheid en tog is daar ook troos in. Ja, want dan weet ons met sekerheid: as die oorsaak weggeneem word, sal die gevolge ook eenmaal weggeneem word en daarvoor het Jesus gekom (Op. 21, p.344). Hy het die oorsaak van ons honger en kommer, die sonde, op Hom geneem.

Tog is die matrose nie heeltemal reg nie. Hulle gaan te ver wanneer hulle tot die slotsom kom: die besondere nood is die gevolg van 'n besondere sonde van iemand. Dit is nie noodwendig so dat wanneer iemand deur 'n besondere nood getref word, hy dit as 'n straf op 'n besondere sonde in sy lewe moet sien nie. Lyding kan ook 'n ander rede hê bv. ter wille van die eer van God (Jh 9:3 p. 136), goddelike opvoeding (Heb. 5:8, p. 291) of as teken van navolging van Christus (Mat 10:22, 38 p. 16). Hier is dit wel straf op 'n besondere sonde.

As Jona ongeag die storm nog nie skuld wil bely nie, wys die *HERE* hom met die vinger - deur die *lot* - as die skuldige aan. Die *HERE* bestuur die *lot*. (Spr. 16:33, p. 681). Die "vroom" Jona word nou deur heidene in die beskuldigebank geplaas! (v. 8).

UITSIG

- ° Die *HERE* wys ons vandag nie met die *lot* as skuldiges aan nie. Die Woord is sy

vinger.

- In ons Bybelstudie en in die verkondiging van die Woord sê Hy vir ons: "Jy is die man."

GEBEDSRIGLYN:

- Bid die HERE dat hy jou skuld aan jou sal openbaar en dank God vir sy hardnekkige geduld met jou.
- Erken dat jy nie beter as Israel en Jona is nie, want hoe hardnekkig kan ons nie vashou aan bepaalde sondes en karaktergebreke nie.

LEES: Jh 9 (p. 136).



DIE KERK BELEEF DIKWELS NIE WAT HY BELY NIE

OORSIG

Vers 7	Vers 8	Vers 9	Vers 10
Jona as die skuldige aangewys.	Jona onder heidense kruisverhoor.	Jona se "geloofsbelydenis"	Die heidense matrose se reaksie op Jona se "geloofsbelydenis"

INSIG

In v.9 maak Jona eers sy nasionaliteit bekend: "Ek is 'n Hebreër." D.w.s. hy is 'n lid van God se verbondsvolk. In Nuwe Testamentiese taal sou hy gesê het: "Ek is 'n Christen." Daarby sou die heidene seker gedink het: "Is dit hoe 'n gelowige hom gedra?"

Dan volg sy geloofsbelydenis: ". . . ek vrees die HERE, die God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het." Dit klink baie mooi, maar Jona beleef nie wat hy bely nie. Hy sê dus dat hy die HERE vrees of dien, maar intussen is hy besig om in ongehoorsaamheid van Hom af weg te vlug.

Bely *en beleef*! In die verband is die verhaal van Luther en die ou boer baie leersaam. Op 'n dag loop Luther hom raak, uiters verslae en pessimisties, want sy hele boerdery het afgebrand. Die toekoms het vir hom donker gelyk. "Wel, man" sê Luther, "ken jy die Twaalf Artikels?" Ja, dit ken hy en op Luther se versoek begin hy dit opsê: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde en . . ." "Stop!" sê Luther vir hom "Glo jy dit werklik?" Op die bevestigende antwoord van die man sê hy: "Maar mens, as jy nou waaragtig glo dat die Almagtige jou Vader is, hoe kan jy nog vir een oomblik bang wees dat Hy nie vir jou sal sorg nie?"

Die reaksie van die heidene op Jona se geloofsbelydenis is in skrilte kontras met die profeet se eie houding t.o.v. sy belydenis. Hulle het doodbang geword (v.10). Geen wonder nie, want met so 'n God het hulle, hoe wel onwetend, die stryd aangeknop. Daarom stort hulle hul verwyte op Jona neer: Hoe kon jy dit waag om vir so 'n God te vlug? Dit is tog fataal.

O, hoe diep beskaam die heidene Jona. So 'n God het hulle nie geken nie, maar as hulle hom sou geken het, sou hulle sekerlik nie gewaag het om te doen wat Jona gedoen het nie. Vir die soveelste keer steek die kerk sleg af by die heidene.

En ons? Wat sal die heidene van ons dink as hulle by ons in 'n erediens kom? Miskien sal hulle vra: "Maar as jy nou werklik glo dat die boodskap van die dominee 'n goddelike boodskap is, die heel belangrikste wat in die hele wêreld gesê kan word, hoe kan jy dan so onbewoë en verveeld, so sonder enige verskrikking of verwondering daarna sit en luister? Hoekom doen dit niks aan jou lewe nie?" Die kerk het eweseer 'n behoefte aan bekering en genade.

Intussen het Jona nog nie werklik sy skuld bely nie. O, so in die algemeen het hy wel erken dat hy vir God vlug, maar hy sê nie *waarom* nie. Dit is geen skuldbelydenis nie. Jona moet konkreter word.

UITSIG

- ° Jy as Gereformeerde jongmens het 'n pragtige belydenis. Is dit by jou 'n geval van beleef *en bely* of nie?

- Hoe beleef jy bv. die belydenis dat Jesus Christus "ons HERE" d.w.s. jou koning, is?
- *So in die algemeen* erken ons wel dat ons sondaars is, d.w.s. dat ons almal dikwels vir God op vlug is. Dit is egter nog geen werklike skuldbelydenis nie! Jy moet erken *waarin* jou vlug presies bestaan. Wat het jy gedoen?

GEBEDSRIGLYN:

- Bid dat God jou tot ware skuldbelydenis en tot beleving van jou geloof sal bring. Hy alleen kan dit doen.

LEES: Ps 51 (p. 604).



DIE *HERE* BRING SY KERK TOT BELYDENIS VAN SY BAIE SONDES

OORSIG

Verse 11 en 12a	Vers 12b
Jona vel sy eie doodvonnis.	Jona gee die rede vir sy doodsvonnis: sy skuldbelydenis.

INSIG

Luther het eenmaal gesê: "God se natuur is dat hy uit niks iets maak; daarom, wie nog nie *niks* is nie, uit hom kan God ook niks maak nie."

Eers moet Jona en die kerk wat hy verteenwoordig niks word, d.w.s. alle hoogmoed, elke besef as sou hy iets by God verdien, moet eers by hom afgebreek word. Eers dan sal hy niks wees nie, as hy besef dat hy geheel en al net van God se genade afhanklik is. Eers dan kan God van hom 'n nuttige en bruikbare dienskneg maak. Daarom is die *HERE* hier besig om hom stap vir stap tot die besef te bring.

Jona staan voor 'n regbank van heidene. Hy is die skuldige. Intussen het die noodsituasie vererger: "Die see het ondertussen al hoe onstuimiger geword." (v. 11b). Daarom vra die matrose hom in hulle doodsang: "wat moet ons met jou maak dat die see weer rondom ons kan kalm word?" (v. 11a). Hulle besef: iets moet gedoen word. Hierdie man het 'n groot sonde begaan en op sonde moet straf volg. Die toorn van die Godheid teen wie hy hom verset het, moet gestil word.

Al was hulle maar net heidene, hulle redenasie, dat die sonde nie ongestraf kan bly nie, is heeltemal Bybels ([H.K. V/A. 10](#)).

"Wat moet ons met jou maak?" Dit is tog vreemd dat hulle hom die vraag vra. Dit is immers nie die gewoonte dat 'n regter aan 'n misdadiger vra watter straf hy hom moet oplê nie. Agter die vraag lê daar twee feite opgesluit.

In die *eerste* plek is daar 'n diepe ontsag by die heidene vir die God van Jona. Hulle het goed begryp dat hulle baie versigtig moet wees met die God. As jy iets verkeerd gedoen het, laat God dit nie maar net daar nie. Daarvan getuig die vreeslike storm. Hulle is bang hulle doen iets wat sy God aanstoot gee. Jona is immers Sy kneg en sê nou hulle doen iets met hom waarvan sy God nie hou nie? Boonop voel hulle dat Jona, as sy dienskneg, die heel beste sal weet wat sy God verlang. By die heidene is daar dus 'n groter eerbied vir God as by Jona. Hulle is bang om teen God se wil in te gaan; dit was Jona nie. Hy het immers die wil van die *HERE* versaak. Nogeens staan die kerk beskaam!

In die *tweede* plek moet jy God se hand agter die vraag sien. Hy is hier aan die werk met sy kneg. Hy wil Jona bring tot skuldbelydenis en tot erkenning dat nie alleen Ninevé nie, maar ook die kerk niks anders as die doodvonnis verdien nie. Die *HERE* open dus met die vraag Jona se lippe in skuldbelydenis: ". . . om my ontwil." Hy bring hom tot die erkenning dat ook die kerk die dood skuldig is: "Vat my en gooi my in die see . . ." (v. 12a). Treetjie vir treetjie bring God die kerk tot die erkenning dat ook hulle God se genade en barmhartigheid nodig het.

UITSIG

- ° Dink jy elke dag aan jou menigvuldige sondes en dat jy as gevolg daarvan diep by God in die skuld staan?

- Dink jy daaraan dat ook jou sondes die tydelike en ewige straf van God verdien het?
- Alleen deur die werk van die HERE kom ons so ver om ons sondes te bly.
- Daarmee wil die HERE ons nie tot wanhoop dryf nie. Hy wil ons prikkel om ons toevlug tot sy genade en barmhartigheid in Jesus Christus te neem.

GEBEDSRIGLYN:

- Vra die HERE om jou tot opregte skuldbesef en skuldbelydenis te bring en om jou daarom sy genade en barmhartigheid te skenk.

LEES: Rm 6:23 (p. 204).

HK Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?

Antwoord: Nee, glad nie; intendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (b). Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).

(a) [Gen. 2:17](#); [Rom. 5:12](#).

(b) [Ps. 50:21](#); [Ps. 5:6](#); [Nahum 1:2](#); [Eks. 20:5](#); [Eks. 34:7](#); [Rom. 1:18](#); [Ef. 5:6](#).

(c) [Deut. 27:26](#); [Gal. 3:10](#).

'N VERBONDSKIND MOET BELY DAT HY DIE EWIGE DOOD VERDIEN.**OORSIG**

Verse 11 en 12a	Vers 12b
Jona vel sy eie doodvonnis.	Jona gee die rede vir sy doodsvonnis: sy skuldbelydenis.

INSIG

In die vorige les het ons gesien dat Jona bely het dat hy a.g.v. sy sonde sy lewe verbeur het. Hy verdien die regverdige oordeel van God.

In v.12b noem hy die rede vir sy doodsvonnis: " *Want* ek weet dit is *oor my* dat hierdie groot storm rondom julle woed." Dit is *my* skuld.

Dit is seker die moeilikste sin wat 'n mens ooit kan uitspreek: *Ek* het gesondig. Dit is veel makliker om te sê: hy of sy het gesondig. Huigelagtig maak ons dan asof ons dit vreeslik vind dat iemand so iets kon doen. Intussen is dit vir ons heerlijk dat ons nou so 'n interessante onderwerp vir ons bespreking gevind het. Ons geniet dit mos om oor 'n ander se sondes te skinder. Ons verlustig ons daarin om 'n ander se foute in die donkerste kleure te skilder.

Intussen is ons blind vir ons eie sondes. Of op die heel beste is ons kleurblind daarvoor, want ons sien dit nooit so donker soos die sondes van ons naaste nie.

Alleen deur die genade van die HERE kom ons so ver om saam met Paulus te erken: ek is die grootste sondaar (I Tm 1:15, p.275).

Dit is vir ons as mens so bitter moeilik om eerlik ons skuld *voor God* te bely. Ons het altyd een of ander verskoning byderhand: dit was a.g.v. my verkeerde vriende of my ongelukkige omstandighede of die slegte opvoeding van my ouers. Die mens is meester in die kuns van selfverontskuldiging.

Dit kos stryd om tot egte skuldbelydenis voor God te kom. Hoe lank het dit Dawid nie geneem en wat 'n worsteling het hy nie gehad nie voordat hy bely het: "Teen u alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë," (Ps 51:6, p.604). Ps 32 vertel daarvan: "Toe ek *geswyg* het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag" (v.3). Hy kon maar eers nie so ver kom om sy skuld te bely nie.

Jona erken sy skuld hier ook voor *mense*. Dit is miskien nog moeiliker. Dit is vir ons hoogmoedige hart te veel om eerlik teenoor ons naaste te sê: "ek is verkeerd". Ons sê veel eerder: "hy moet maar eerste na my toe kom. Hy het buitendien net soveel foute."

Jona se bekering bly nog half, want bekering beteken om berouvol jou spesifieke sondes te bely, om te breek daarmee en om van harte die wil van die HERE te doen. Lg. ontbreek nog by Jona. Hy sê nie dat hy nou gewillig is om na Ninevé te gaan nie. So klou ons ook vas aan ons boesemsondes en ons karaktergebreke al erken ons: ek weet ek het 'n kort humeur, ens.

UITSIG

- ° Jou sondes, hoe klein ook al, is so erg, so donker in die oë van die HERE dat jy vir elkeen daarvan die dood skuldig is.
- °° Bely daardie sondes teenoor jou naaste wat hom seergemaak het en skeiding

tussen julle gebring het.

GEBEDSRIGLYN:

- Bid God dat hy jou oë sal open vir jou besondere sondes. Bely dit voor God en vra om vergifnis op grond van die bloed van Christus.
- Vra Hom om jou gewillig te maak om jou sondes teenoor jou naaste te bely.
- Bid Hom om jou te bekeer van die sondes.

LEES: Ps 32 (p. 591).



DIE *HERE* LAAT DIE SONDE VAN SY KERK NIE ONGESTRAF NIE

OORSIG

Vers 13	Vers 14	Vers 15	Vers 16
Die vrugtelose reddingspoging van die matrose	Die eerbiedige gebed van die heidene.	Die seelui se vonnis voltrek en die Here se antwoord daarop	'n "Erediens" deur die heidene uit vrees en dankbaarheid.

INSIG

Jona is as oorsaak van die storm aangewys. 'n Mens sou dit goed kon begryp het as die heidene toe daar en dan kort met Jona gemaak het. Die verrassende gebeurter: hulle roei met mag en mening om hom veilig aan wal te bring.

Ook die optrede van die seelui was vir Jona diep beskamend. Hy het geen greintjie gevoel vir Ninevé gehad nie. 120 000 menseleuens het hom absoluut koud gelaat. Hy wou niks doen om hulle van die gerig van die Here te red nie. In sy oë het hulle niks beter verdien nie. Die heidense matrose daarenteen doen alles in hul vermoë om een man van die oordeel van God te bewaar, al het hy dit deur en deur verdien.

Die optrede van die heidene is prysenswaardig en tog ook nie, want *hoe* probeer hulle Jona red? Met tersydestelling van God se eis van straf. [Vr. 10 van die H.K.](#) wys duidelik die verkeerde van hulle optrede aan: "Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval (ook die van Jona) ongestraf laat bly?" Met hulle reddingspoging-sonder-betaling-van-die-sonde antwoord die matrose: "Ons hoop so!" Maar die H.K. antwoord: "Nee, glad nie, intendeel, . . . hy wil dit tydelik en ewiglik met 'n regverdige oordeel straf."

Nogtans probeer die manne Jona red, sonder vereffening van sy sondeskuld. Maar dit is 'n hopelose saak: om so teen die wind van God se oordeel en die gety van sy wil te probeer inroei. Voordat Jona nie in die see gegooi is nie, kan hulle alles en nog wat probeer, maar hulle sal die kus nie bereik nie.

Kort tevore het die matrose nog die vrag oorboord gegooi in 'n poging om die skip ligter te maak. Die oorsaak van die dreigende ondergang het egter in Jona gelê. Solank hy aan boord bly, sal die skip nooit lig genoeg wees nie. Niks weeg by God swaarder as sondeskuld nie.

Die matrose is simbolies van die duisende mense wat d.m.v. selfverlossing, sonder die skuldbetalende offer, hulle lewensboot aan wal probeer kry. Vasberade probeer hulle dit met die roeispane van hul goeie werke, gebede, ens. Dit is egter tevergeefs. Self kan ons nie betaal nie. Ons maak ons skuld net daagliks meer ([H.K.V/A. 13](#)). Wie kan dit dan vir ons betaal? Jesus Christus! Hy het met sy een offer vir *al* ons sondes *ten volle* betaal. Daarom roem ons in die kruis *alleen*. (Gl 6:14).

Toe Jona na Ninevé gestuur is, was juis dit sy groot probleem: Hoe kan 'n regverdige God oor die goddelose Ninevé sy barmhartigheid betoon? Sien Hy dan af van sy straf? Nou sal Jona aan eie lyf ervaar dat die Here *nie* die sonde ongestraf laat nie, ook nie die van sy kerk nie. Daarom al dink die kerk nog so baie van sy eie vroomheid, alleen aan die voet van die kruis sal ons 'n barmhartige God ontmoet, want ook Jona en die kerk skiet ver te kort en verdien die regverdige oordeel.

UITSIG

- Baie lidmate is vandag net so ongevoelig soos Jona. Hoeveel heidene laat jy na hulle ewige dood loop, sonder om een woord van God se reddende genade in Christus Jesus te getuig?
- "Werp jou heiligings-krukke weg; daarmee kom jy nooit die berg Sion op nie" sê Kohlbrügge. Jou goeie werke kan nooit 'n middel tot jou saligheid wees nie. Dit is hopelose roeispane.
- Dit beteken nie dat jy nie goeie werke moet doen nie. Jy moet beslis, maar jou dankbaarheidswerk is ± 2 000 jaar te laat om iets by te dra tot jou saligheid. Op Golgota het Jesus Christus immers volkome vir ons sondes betaal.

LEES: 1 Kor. 1:18-31 (p. 127).

HK Vraag 13: Kan ons deur onself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).

(a) [Job 9:2](#); [Job 15:15-16](#); [Job 4:18-19](#); [Ps. 130:3](#); [Matt. 6:12](#); [Matt. 18:25](#); [Matt. 16:26](#).

JESUS CHRISTUS IS DIE KERK SE ENIGSTE HOOP OP ONTKOMING

OORSIG

Vers 13	Vers 14	Vers 15	Vers 16
Die vrugtelose reddingspoging van die matrose	Die eerbiedige gebed van die heidene.	Die seelui se vonnis voltrek en die HERE se antwoord daarop	'n "Erediens" deur die heidene uit vrees en dankbaarheid.

INSIG

Uiteindelik het die heidene besef dat die vonnis voltrek sal moet word. Weereens is hul optrede treffend: hulle voer nie dadelik die vonnis uit nie, maar eers bid hulle. Met diep ontsag vra hulle die HERE dat Hy hulle dit tog nie as moord sal toereken nie. Die HERE self het hulle immers daartoe gelei (v.14). Dit is aangrypend: 'n gebed by 'n teregstelling, 'n gebed nie van die slagoffer nie, maar van die laksmanne. Weer 'n keer is daar 'n skrilte kontras; hulle huiwer om 'n profeet dood te maak, maar hoeveel profete het Israel nie gedood nie!

Nadat die vonnis voltrek is, het die see stil geword. Die stilte toon aan dat Jona, die profeet, die lidmaat van die Ou Testamentiese kerk, skuldiger as die ruwe heidense matrose is. Hulle bly immers op die skip en die golwe dien hulle, maar Jona word deur die woedende golwe opgesluk, hy wat sy eie vroomheid so hoog aangeslaan het.

U moet die teregstelling van Jona sekerlik nie gering skat nie. Hy het nie geweet dat God 'n vis sou beskik om hom te red nie. Hy het dit as die oordeel van God oor sy ongehoorsaamheid ervaar. Dit blyk uit sy gebed in hfst. 2:3. Hy het geweier om God se naam in Ninevé uit te roep. Nou mag hy dit ook nie meer doen nie. God smoor sy stem in die golwe.

Maar, heel verrassend, op dieselfde oomblik breek God die mond van heidene oop (v. 16). As sy kerk sy roeping versaa, dan sal die klippe dit uitroep. Dan roep ruwe seemanne Hom aan. Aan boord vind daar selfs 'n soort erediens plaas. Wat by die man van God ontbreek het, dit vind ons by die heidene: 'n diepe vrees vir die HERE

Jona 1 begin met die ongehoorsaamheid van die kerk. Dit eindig met die diep eerbied van die heidene. Die kerk, Israel, leer hier 'n duur les: ook die kerk verdien niks anders as die oordeel van God nie. Hulle gewaande vroomheid kan hulle nie red nie. Iets anders as wetsonderhouding of kerklidmaatskap is nodig: die kruis!

Tussen die eeue-oue puinhope van die Colosseum in Rome — daar waar talle Christene deur wilde diere verskeur is - staan 'n kruis. Op die voetstuk staan geskrywe: "Wees gegroet, o kruis, u is ons *enigste* hoop."

Nee, in die dae van die Christenmartelaars het daardie kruis nie daar gestaan nie. En tog, in figuurlike sin het dit wel daar gestaan. Voor hulle geestes oog het hierdie lydendes, om Christus wil, dit tog sien staan. Hulle het dit aanskou en daaraan krag ontleen. Die kruis het vir hulle gesê dat Jesus alles vir hulle gely het, ter versoening van hulle sondes en as hul nou moes sterwe, was die kruis hulle enigste hoop.

UITSIG

- ° Die groot ellende van die kerk van vandag is dat hulle nie meer die diepte van hulle sonde ken nie. Daarom ontbreek die verlange na verlossing en is die verwondering

oor en waardering vir die kruis soek.

- Is die kruis ook jou enigste hoop op saligheid of soek jy nog steeds heilssekerheid in iets in jouself of in jou kerklidmaatskap?
- Is jy dankbaar vir die verlossing?

GEBEDSRIGLYN:

- Gebed beteken om jou hande hulpbehoewend uit te steek na die kruis. Doen dit ook vandag!

LEES: Jh 19:28-30 (p. 151).



DIE KERK MOET IN SY DOEMWAARDIGHEID TOT DIE *HERE* BID**OORSIG**

Hoofstuk 1, Vers 17	Hoofstuk 2, Vers 1
Jona beleef 'n hellevaart.	Jona neem in sy nood sy toevlug tot gebed.

INSIG

Jona is oorboord gegooi: dit moes verskriklik gewees het. Tog val die nadruk nie op die profeet nie. Voorop staan wat die *HERE* gedoen het. In v. 17 weerklink die getuigenis van die groot daad van God: "Toe stuur die *HERE* 'n groot vis om Jona in te sluk ..."

Vir "*HERE*" word in die oorspronklike die Naam Jahwe gebruik. In die Ou Vertaling word dit weergegee as *HERE* met 4 hoofletters. Dit is die Verbondsnaam en beteken: Ek is (teenwoordig). D.w.s. die *HERE* is aktief by sy volk aanwesig om sy beloftes aan hulle te vervul en hulle uit te red. Jona, sy verbondskind, sink weg in die kolkende golwe, maar die *HERE* is teenwoordig om hom te verlos.

Die *HERE* "stuur" 'n vis: die woord sê dat God volkome beheer het oor die skepping. Alles staan in sy diens en Hy regeer so daarvoor dat alles staan in diens van die saligheid van sy kerk. Wat 'n salige gedagte in 'n wêreld vol rampe en teëslae! Hier in Jona staan alles tot God se beskikking om 'n wegloperkind tot inkeer te bring. Hoe heerlijk openbaar die *HERE* sy barmhartigheid aan Jona, al het hy die dood dubbel en dwars verdien.

Dit beteken egter nie dat alle verskrikking van Jona af weggeneem is nie. Intendeel, later (2:2) sê hy dat hy uit sy benoudheid tot die *HERE* geroep het. Vreeslike gedagtes het deur sy kop gemaak toe hy weggesink het in die dieptes en toe kom daardie aaklige seemonster met sy wydoopgesperde bek nog boonop op hom af. "G'n wonder as hy bloed sou gesweet het van angs nie" (Luther). Want in 1:17 is die groot vis (nog) nie instrument in God se hand ter redding nie, maar die monster wat die profeet afvoer na die doderyk. Uit die hel word die profeet later (2:10) gered. Tans beleef hy egter 'n hellevaart: sy verblyf in die vis beskryf hy as 'n vertoef in die maag van die hel (2:2). Drie dae en drie nagte was hy daar en daarin is hy tipe van Christus, met die verskil dat Christus, belaaie met ons sondes, daar verkeer het.

Ps. 116:2 (Berymd) was vir Jona 'n angswekkende werklikheid:

"Om my was bande en strikke van die dood;
en angste van die hel het my laat bewe."

Uitkomstans was daar nie. Hy kon homself nie red nie. Toe het hy die uitweg van Ps. 116:2 gevolg:

"Maar 'k het die *HEER* gesmeek in al my nood."

Hy was vasgekeer aan alle kante, maar daar was nog 'n uitkomplek: na bo!

Die gebed! (2:1).

Hy het gebid tot "die *HERE* sy God." Aangrypend, nie waar nie? Al weet hy dat hy alles bederwe het en al ervaar hy God se toorn, nogtans vertrou hy dat God nog sy God is. Dit spreek van algehele vertrou, dat God tog ons Vader wil bly om Christus wil, al was ons hoe verkeerd.

UITSIG

- Die HERE het vervoermiddels genoeg om ons terug te bring tot ons roeping. Daarvoor kan Hy sy ganse skepping inspan. Rampe en teëslae is sy getroue dienaars om opstandige kinders na Hom terug te bring en te red van die ewige dood.
- "Nood leer bid," sê ons. Dit is nie waar nie want dan sou miljoene heidene in Afrika, wat tans van honger sterf, tot God gebid het. Nee, die Gees leer ons bid. Hy open ons oë om in ons nood God se hand te sien. Hy leer ons ons doemwaardigheid ken en bring ons op ons knieë.

GEBEDSRIGLYN:

- As u sonde u benoud maak, as angste van die hel u laat bewe, vlug tot God in Christus. Bid!

LEES: Ps. 116:1-4 (p. 645).



DIE KERK MOET IN SY GEBED SY ELLENDE BELY

OORSIG

Verse 2-6a	Verse 6b-8, 9b, 10	Vers 9a
Jona se gebed: Ellende.	Jona se gebed: Verlossing.	Jona se gebed: Dankbaarheid.

INSIG

Jona se gebed is in die vorm van 'n lied of 'n psalm. D.i. ook opvallend hoeveel Psalms hy aanhaal. Hy ken sy Bybel en in die kake van die hel gryp hy, soos Jesus aan die kruis, na die Skrif. Met Skrifwoorde bekla hy sy nood en daarmee dank hy God vir sy verlossing. Die Psalms leer hom bid. Jona is in die leerskool van die gebed.

In hierdie dagstuk word dan die eerste deel van Jona se gebed behandel. Daarin vertel hy van sy ellende.

"U het my in die diepte gegooi" (v.3). Agter die matrose sien hy God se hand. "Al u bare en u golwe het oor my heengegaan." (v.3, O.V. Vgl. Ps. 42:8). Jona voel dat die golwe God se golwe, sy diensknegte, is om sy sonde te straf. Dit ervaar hy as die grootste ellende in sy ellende: dat God teen hom is. Dit is die dieptepunt van sy lyding: nie dat hy moet sterf nie, maar dat dit vir hom voel asof hy die tweede, die ewige dood, moet sterf.

Die magtige oseaan met sy onmeetlike dieptes het hom, nietige mens, aan alle kante omring en sy lewe met die dood bedreig (v.5. Vgl. Ps. 40:13 p.598 en 69:2 p.614). "Ek het afgesak tot by die fundamente van die berge" (v.6). Die berge word voorgestel as rustende met die een voet op die bodem van die see. Tot by die voet van die berge, so diep het hy afgesink. Op die bodem van die see het seewiere sy hoof omring soos 'n krans (v.5). "Die grendels van die aarde het my vir altyd ingesluit". (v.6, O.V.): Die grendels van die aarde, daar waar die lewendes woon, is stewig agter hom toegesluit, sodat hy vir altyd van sy familie en volksgenote afgesny is. Dit was vir Jona egter nog nie die ergste nie.

Die moeilikste was dit: "Ek is weggestoot, weg van u oë" (v.4, O.V. vgl. Ps. 31:23, p.591). Hy beskou hom van God verlate en d.i. wat hel is, want vir 'n gelowige is God alles: nie 'n lewe van voorspoed nie, maar dat ons in voorspoed of in teëspoed mag weet dat God met ons is en ons omring met sy liefde. Hier het ons 'n wonder van God se genade: Eers het Jona weggevlug van God af, nou verlang hy weer na sy nabyheid! Skielik, midde-in sy nood, wanneer dit lyk asof alles verlore is vir Jona, dan jubel hy dit uit: "NOGTANS sal ek weer u heilige tempel aanskou" (v.4, eie vertaling). In die een woordjie "nogtans" weerklink die triomf van God se genade! Nogtans sal hy weer God se liefdevolle nabyheid in sy tempel ervaar, ondanks die grootheid van sy sonde. Dit is die "nogtans" van die wonderskone [Son. 23 van die Kategismus!](#)

Wat is die grondslag van sy hoopvolle "nogtans"? Jesus! Omdat hy drie dae en drie nagte in die hart van die aarde was (Mt. 12:40, p.19), daarom mag ons en Jona, ondanks ons baie sondes, nogtans vir ewig lewe in die lig van God se vriendelike aangesig. Hy het die straf gedra wat Jona maar net afgeskadu het. Hy was van God verlate in ons plek.

UITSIG

- Die psalmdigters was mense soos ons met dieselfde aanvegtinge. "In die Psalms kyk ons in die Bybelheiliges se harte." (Luther). Daarin hoor ons hoe hulle o.l.v. die Gees hul nood voor God uitkerm, maar ook hoe hulle tot die oplossing kom deur die Gees. Die Gees, die groot Bybelskrywer, leer ons daar bid: In krisissituasies kan ons dikwels nie woorde vind nie, maar die Gees kom ook in die Psalms ons swakhede te hulp en help ons om reg te bid (Rm 8:26, p.207).
- As die Satan vir u sê dat u sonde te groot is, dat u daarom geen hoop op saligheid het nie, gooi hom dan met die "nogtans" van die geloof!

GEBEDSRIGLYN:

- Bid die Vader dat Hy u deur sy Gees en Woord sal leer om reg te bid: om u sondeverlorenheid te bely en die verlossing in Jesus te soek.

LEES: Ps. 42 (p. 599).

HK Sondag 23

Vraag 59: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?

Antwoord: Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is (a).

(a) [Hab. 2:4](#); [Rom. 1:17](#); [Joh. 3:36](#).

Vraag 60: Hoe is jy regverdig voor God?

Antwoord: Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die geboeie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nogtans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem.

(a) [Rom. 3:21-22, 24](#); [5:1-2](#); [Gal. 2:16](#); [Ef. 2:8-9](#); [Fil 3:9](#).

(b) [Rom. 3:9](#).

(c) [Rom. 7:23](#).

(d) [Rom. 4:4](#); [2 Kor. 5:19](#).

(e) [Titus 3:5](#); [Deut. 9:6](#); [Eseg. 36:22](#).

(f) [Rom. 3:24](#); [Ef. 2:8](#).

(g) [1 Joh. 2:2](#).

(h) [1 Joh. 2:1](#).

(i) [2 Kor. 5:21](#).

(j) [Rom. 3:22](#); [Joh. 3:18](#).

Vraag 61: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is?

Antwoord: Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a). En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie (b).

(a) [1 Kor. 1:30](#); [2:2](#).

(b) [1 Joh. 5:10](#).



DIE KERK MOET IN SY ELLENDE DIE *HERE* BID OM VERLOSSING

OORSIG

Verse 2-6a	Verse 6b-8, 9b, 10	Vers 9a
Jona se gebed: Ellende.	Jona se gebed: Verlossing.	Jona se gebed: Dankbaarheid.

INSIG

Hierdie dagstuk handel oor die tweede deel van Jona se gebed: nl. oor wat hy in sy ellende gedoen het.

Toe hy op die drumpel van die doderyk gestaan het, het hy aan die *HERE* "gedink" (v. 7). Dit beteken in die Bybel oneindig veel meer as om bloot met jou verstand aan Hom te dink. Dit hou in om gelowig aan Hom te dink, om jou toevlug tot Hom te neem in die gebed. Jona strek sy hande hulpbehoewend uit na die *HERE* (Jahwe, vgl. [dagstuk 11](#) vir die troosryke betekenis van die Naam) in die vaste vertroue op sy reddende teenwoordigheid en dat Hy ook sy belofte van verlossing sal vervul.

Sy gebed is verhoor: "my gebed het by U gekom, in U heilige tempel" (v. 7). Sy gebed word voorgestel as 'n boodskapper wat hardloop van die terrein van ellende en wat intree in die paleis van die *HERE* en voor Hom gaan staan. D.i. nou juis die geweldige krag van die gebed (Jk 5:16, p. 306): Dit styg op vanuit die diepste dieptes van verlorenheid tot voor God se genade troon in die allerhoogste hemele. Dit maak nie saak hoe diep jy geval het nie, jou gebed om verlossing bereik sy Vaderhart! So het Jona dit ervaar: diep in die doderyk het hy geroep om hulp en God het hom verhoor (v. 2). Jona word verlos *op sy gebed* (v.10).

V.6 beskryf sy redding so: "Maar U het my lewe uit die kuil opgetrek, *HERE* my God." (O.V.). Weer word die Naam *HERE* gebruik: Hy bewys sy reddende teenwoordigheid en doen sy belofte gestand. Jona kan homself nie red nie, "MAAR U (die *HERE*)" het dit gedoen. Dit is die "maar van sy reddende genade."

Hy verlos slegs deur te spreek (v.10). Sy Woord doen dit vandag nog!

Daarom jubel Jona dit uit: "Die heil behoort aan die *HERE*" (v. 9, O.V. vgl. Ps 3:1). Die woorde vind 'n mens byna net so terug in die naam "Jesus": die *HERE* is heil. Verlossing is net God se werk in Christus. G'n wonder dat Luther sommige tekste in die Bybel mini-Bybeltjies noem nie, want in hierdie een vers word die hele inhoud van die Jona-boek en die ganse inhoud van die Evangelie saamgevat, want die teks sê: Jesus! (Mt 1:21, p. 6).

Hoe kon Jesus vir Jona, en ons, red uit die buik van die hel? Omdat aan Hom vervul is wat Jona afgeskadu het (Mt 12:40, p. 20). Omdat Hy afgedaal het in die verderf wat ons verdien het. Die Vader het egter ook die gevangensdeure van die graf vir Hom oopgemaak. Hy het Jesus opgewek, omdat Hy *ons* straf klaar betaal het. Daarom sê Hy vir sondaars agter slot en grendel dat Hy die sleutels van die doderyk het (Op 1:17, 18, p. 327 vgl. Jon 2:6). Sy dood en opstanding open die doderyk. Danksy sy verlossing, omdat Hy gekroon is met 'n doringkroon, word ons gekroon met goedertierenheid en barmhartigheid i.p.v. met 'n oordeelskroon van seewiere (Ps. 103:3, 4; p. 635. Vgl. Joh. 2:5!)

Die heil behoort aan die *HERE*! Wonderlik dat die belydenis uit die mond van Jona kom. Vroeër het hy gedink dat hy en sy volk deur die *HERE* verkies is omdat hulle soveel beter as die ander is. Nou verwerp hy die afgode van gewaande vroomheid en selfverlossing

(v. 8). God het sy afgod van hoogmoed te pletter laat val in die maag van die hel.

UITSIG

- As jy jouself figuurlik kan oopsny, sal jy in jou hart die afgod van hoogmoed, van vertrou op jouself vir verlossing, vind.
- Self "dink" ons nie aan die enigste uitkoms uit die ewige dood nie. Die Gees laat ons deur die Woord dink (herinner) aan Jesus, as al kans (Jh 14:26, p. 145). Lees die Woord van die Gees!

GEBEDSRIGLYN:

- Bid die HERE dat Hy die afgod in jou sal vernietig en jou sal laat dink aan Jesus alleen vir jou skuldbetaling, bekering, heiliging, ens.

LEES: Ps 116:5-11 (p. 645).



DIE KERK MOET DIE *HERE* ALLEEN DANK VIR DIE VERLOSSING

OORSIG

Verse 2-6a	Verse 6b-8, 9b, 10	Vers 9a
Jona se gebed: Ellende.	Jona se gebed: Verlossing.	Jona se gebed: Dankbaarheid.

INSIG

Vandag kom die laaste deel van Jona se gebed aan die beurt. Die verlossing het Jona tot diepe dankbaarheid gestem. Daarom belooft hy twee dinge.

Eerstens sê hy: "Ek sal aan U offer met 'n stem van lof" (v.9, O.V.). Jona sal offer, maar nie 'n diereoffer in die eerste plek nie. Sy offer is om die *HERE* te loof. Daarby kan 'n mens in die eerste instansie dink aan die *gebed*. Daarin laat hy hom vir die soveelste keer lei deur die Skrif en spesifiek met Psalms (Ps. 50:14, 23 p.604). Dit doen hy reeds in hfst 2: Hy bid!

Tweedens sê hy dat hy sal betaal wat hy aan die *HERE* belooft het (v.9). In sy doodsnoed, in die aangesig van die hel, het hy aan die *HERE* 'n offer belowe as Hy hom sou red. Dit het die Israeliete dikwels gedoen as hulle in die nood was. Dit was die sogenaamde gelofte-offer. Die gelofte-offer was een van die verskeie soorte *vredesoffers* of *dankoffers*. Wanneer die verlossing dan 'n werklikheid geword het, het die vroom Israeliet na die tempel toe gegaan om sy gelofte gestand te doen en sy *dankbaarheid* aan die *HERE* te toon. In die vredesoffer het die gelowige tewens tot uitdrukking gebring dat alles tussen Hom en die *HERE* nou weer goed was: daar was *vrede* tussen hom en sy God. Die *HERE* was nie meer toornig op hom nie. Dit het hy ervaar in die nood wat opgeklaar het. Die offer sê ook hoe dit gebeur het: deur Jesus Christus. Hy is immers ons *vrede*. Hy is die vervulling van die vredesoffer.

Hoe moes Jona dit nie in blye dankbaarheid uitgejubel het saam met die digter van Ps. 116, nadat hy uitgespuug is nie:

"Al my geloftes uitgespreek in nood,
sal ek betaal as ek voor U mag nader
en met u gunsvolk in U huis vergader." (Ps 116:8. Berymd)

'n Gelowige Israeliet wou God nie net in die eensaamheid van sy binnekamer dank nie. Hy wou en hy moes dit ook doen te midde van die kerkgangers, saam met die gemeenskap van die heiliges. Daarom:

"Ek sal U Naam met dankerkent'nis prys
te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare
die lofgeluid wat tot Gods eer verrys." (Ps 116:10. Berymd)

Dit is vandag nog so. Elke verbondskind se stem moet elke Sondag deel wees van die magtige koor, van "die lofgeluid wat tot Gods eer verrys." Dankbaarheid is immers nie maar net iets vir jouself nie. Dit is nie bedoel uitsluitlik vir jou binnevertrek nie. O nee, ware dankbaarheid *sal* en *moet* weerklink "te midde van die feestelike skare." Egte dankbaarheid is nie net iets van die hart nie, maar waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Dit moet *gehoor* en *gesien* word.

UITSIG

- Die gebed is ons belangrikste offer van dank aan die HERE.
- Verlose mense is dankbare mense en dankbare mense is verlose mense.
- Reeds van kindsbeen af leer die Kategismus jou die noodsaak van die gebed: "Omdat dit die *vernaamste* deel van die *dankbaarheid* is wat God van ons eis en omdat God *sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle* wil gee *wat hom . . . daarvoor dank.*"
- Dank jy God in jou binnekamer *en* in sy kerk?

GEBEDSRIGLYN:

- Dank die Here vir sy vrede in Jesus Christus, want Hy het jou gered van die ewige dood wat jy ook verdien het, al is jy 'n lid van die kerk.

LEES: Ps 116:12-19 (p. 645).



DIE *HERE* NEEM ONGEHOORSAME VERBONDSKINDERS GENADIGLIK WEER IN DIENS**OORSIG**

Vers 1	Vers 2	Vers 3
'n Ongehoorsame profeet herstel in sy amp.	'n Ongehoorsame profeet ontvang opnuut sy opdrag.	'n Ongehoorsame profeet "gehoorsaam".

INSIG

Toe Jona uitgespuug daar op die strand gelê het, moes hy ongetwyfeld gewonder het of die *HERE* hom nog ooit wil gebruik. Immers, hy het sy profetiese roeping totaal onwaardig gemaak a.g.v. sy eie, moedswillige ongehoorsaamheid. Dit sou sy verdiende loon gewees het as God hom daar en dan afgedank het en 'n ander profeet in sy plek gestuur het.

Ja, so sou dit gewees het as God net 'n God van reg en geregtigheid was en nie ook 'n God van genade en barmhartigheid nie! Want Jona verdien dit om ontslaan te word uit sy diens, maar die teendeel gebeur: "Die woord van die *HERE* het 'n tweede keer tot Jona gekom" (v. 1). In daardie woordjies " 'n tweede keer" weerklink die Evangelie van God se onverdiende genade en byna eindelose geduld met sy ongehoorsame kneg. Jona kry nog 'n kans, ondanks sy ongehoorsaamheid, hy word herstel in sy diens.

Vir 'n tweede maal word sy opdrag herhaal en uitdruklik ontvang hy die bevel om te preek, nie wat jy self wil nie, maar die boodskap "wat Ek jou sal gee." (v. 2).

Laasgenoemde woorde is uitermate belangrik. 'n Profeet moet die mond van die *HERE* wees. God alleen moet deur hom spreek. 'n Mens kan 'n profeet se taak vergelyk met die van 'n ambassadeur van vandag. 'n Ambassadeur mag nie sommer enigiets sê nie, maar uitsluitlik die boodskap wat die regering hom gee: so sê my regering! Dieselfde doen 'n profeet: so sê die *HERE*! 'n Profeet - ook 'n dominee - mag nie na die mond van mense preek en populêr probeer wees nie, maar hy moet die boodskap van die *HERE* bring, al maak dit hom hoe ongewild. Ook 'n lidmaat het 'n profetiese taak! ([H.K. Son 12](#)).

In skerp kontras met hfst. 1:3, waar Jona teen die woord van die *HERE* ingaan, gaan hy nou volgens die Woord van die *HERE* (v. 3). Dit blyk egter uit hfst. 4:1, 2 dat dit 'n gehoorsaamheid teen wil en dank is. Dit is alweer iets wonderliks in die optrede van God dat Hy nog so geduldig bly en van so 'n onwillige dienaar gebruik wil maak. Terselfdertyd moet 'n mens sê: as God die sonde van sy ampsdraers (insluitend die amp van die gelowiges) - ons sonde van hoogmoed, geldgierigheid, luiheid, onwilligheid, gemaksug, eersug, heerssug, ens. - sou toereken, sou daar geen dominee meer op die kansel gestaan het nie, geen ouderling meer in die kerkraadsbank gesit het nie en geen lidmaat meer in die kerk gewees het nie.

As 'n mens die geskiedenis van Jona lees, is 'n mens geneig om te sê: O, maar die Jona was darem 'n moeilike geval. So asof ons geval vir die *HERE* so eenvoudig is! Want hoeveel moeite - beproewings en vermanings - kos dit die *HERE* nie om ons te kry waar Hy ons wil hê nie. Ons vergeet al te maklik dat ons in Jona 'n selfportret het.

UITSIG

- As ons dink aan ons baie sondes, is daar by ons ook dikwels die gedagte: nou sal God niks meer met my te doen wil hê nie. Genadiglik kom sy roepstem egter telkens weer - vir 'n tweede, vir 'n sewende maal, ens. - tot ons in die prediking en rondom die huisaltaar.
- Wat het jy gedoen met daardie roepstem van God wat opnuut tot jou gekom het? Onthou, God se geduld is *byna* eindeloos, maar daar kom 'n einde aan.
- Kom jy jou profetiese roeping na deur ander te vertel van Jesus Christus en deur hulle te vermaan, of is jy bang dit kos jou jou gewildheid?

GEBEDSRIGLYN:

- Bid dat jy gehoorsaam sal luister na die roepstem van God en die dominee die Woord suiwer mag verkondig.

LEES: Jer. 1 (p. 787).

HK Sondag 12

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbeding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

- (a) [Ps. 45:8](#) [[Ps. 45:7](#)]; [Heb. 1:9](#); [Jes. 61:1](#); [Lukas 4:18](#).
- (b) [Deut. 18:15](#); [Hand. 3:22](#); [7:37](#); [Jes. 55:4](#).
- (c) [Joh. 1:18](#); [15:15](#).
- (d) [Ps. 110:4](#).
- (e) [Heb. 10:12](#), [14](#); [9:12](#), [14](#), [28](#).
- (f) [Rom. 8:34](#); [Heb. 9:24](#); [1 Joh. 2:1](#); [Rom. 5:9-10](#).
- (g) [Ps. 2:6](#); [Sag. 9:9](#); [Matt. 1:5](#); [Lukas 1:33](#); [Matt. 28:18](#); [Joh. 10:28](#); [Openb. 12:10-11](#).

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

- (a) [Hand. 11:26](#).
- (b) [1 Kor. 6:15](#).
- (c) [1 Joh. 2:27](#); [Hand. 2:17](#).
- (d) [Matt. 10:32](#); [Rom. 10:10](#).
- (e) [Rom. 12:1](#); [1 Pet. 2:5, 9](#); [Openb. 1:6](#); [5:8](#), [10](#).
- (f) [1 Pet. 2:11](#); [Rom. 6:12-13](#); [Gal. 5:16-17](#); [Ef. 6:11](#); [1 Tim. 1:18-19](#).
- (g) [2 Tim. 2:12](#); [Matt. 25:34](#).

DIE *HERE* SE WOORD KOM MET OORDEEL EN GENADE

OORSIG

Vers 4	Vers 5
Jona se prediking	Ninevé se antwoord.

INSIG

Jona se preek is *enersyds* 'n *oordeelspreek*: "Nog net veertig dae en Ninevé word verwoes".

Dit is 'n vreeslike woord, maar dit sal elke getroue prediker vandag ook moet bring. Dit is immers God se opdrag: sê vir die regverdige dat dit met hom goed sal gaan en vir die goddelose dat dit met hom slegs sal gaan. Dit geld ook die goddeloses in die kerk! Nie almal in die kerk is immers bekeerdes nie (Rom. 9:6, p.207). Daarom moet ook hulle die oordeel van God aangesê word as hulle hul nie bekeer nie: "Nog veertig dae dan sal u stad, u lewenshuis omgekeer word!"

Daar is kerkmense wat meen dat oordeels- en bekeringspreke alleen vir buite-kerklikes bedoel is. Sommiges meen selfs dat sulke preke Ou-Testamenties is. Volgens Ig. pas dit nie binne die raamwerk van die Nuwe Testament nie, want dit verkondig mos: God is liefde. Jesus self sê egter vir kerkmense: "Nie elkeen wat vir My sê: 'HERE, HERE', sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is." (Mt 7:21, p.13). Doen jy die wil van jou Vader of is jy nog onbekeer?

Die wet is 'n spieël wat ons almal, kerkmense en heidene, ontmasker as doemwaardige sondaars (Rom. 3:12, p.201; Gal 3:10, p.246). Dit is sekerlik nie aangenaam as 'n predikant dit vir ons sê nie, maar dit is wel heilsaam want dit is eers wanneer ons besef hoe siek ons is, dat ons soek na 'n geneesheer. Dit is eers wanneer ons weet hoe sondig ons is, dat ons verlang na verlossing.

Jona se prediking is *andersyds vol genade*, want daar is nog uitstel van die oordeel. Nog veertig dae: dit is 'n bewys van God se geduld. Daar is nog bekeringstyd. Veertig sê egter ook dat daar 'n grens is aan God se geduld!

Jona se prediking word hier (v.4) verkort weergegee. Uit Lk 11:30 (p.98) blyk dit dat hy nog meer gesê het. Daar sê Jesus dat Jona vir die Nineviete tot 'n teken geword het. Daaruit mag ons aflei dat Jona die Nineviete vertel het hoe hy weggesink het onder God se straffende hand, maar ook hoe hy God se ontferming ondervind het. Deur die verhaal het hy vir hulle tot 'n lewende teken geword, 'n teken wat verkondig dat God die sonde nie ongestraf laat bly nie, maar ook dat Hy 'n God is by wie daar vergifnis en verlossing is.

Ons, as Nuwe Testamentiese kerk, is nog veel ryker. Ons het immers die groot Jona-teken: die dood en die opstanding van Jesus. Hy het weggesink onder die oordeel van God, waarin God bewys het dat Hy *ons* sondes nie ongestraf laat nie. Sy oop graf sê dat die straf klaar betaal is. Die oop graf verkondig God se vergifnis en liefde jeens almal wat in Jesus glo, want dit is *ons* graf, ons gevangenis wat Hy oopgebreek het.

UITSIG

- Elke jaar, elke dag, elke uur is 'n bewys van God se geduld met ons. Hy gee ons nog bekeringstyd. Hy wil ons nie verdelg nie, maar behou.
- Die lankmoedigheid is te danke aan Jesus Christus. Hy het aan die kruis die oordeel gedra. Hy is die Groot Priester wat die gerig uitstel. Sy deurboorde hande hou terug en pleit om vergifnis en geduld.
- Wat maak jy met die genadetyd? Stel jy jou bekering uit?
- Onthou: Ons weet nie wanneer die "veertig dae" vir ons om is nie. Ons ken nie ons sterfdag of die dag van ons HERE Jesus se wederkoms nie.

GEBEDSRIGLYN:

- Bid daagliks om bekering van jou baie sondes en om geloof in Jesus Christus as enigste Verlosser van jou ongeregthede.

LEES: Lk 11:29-32 (p. 98).



DIE KRAG VAN DIE GEPREDIKTE WOORD GEOPENBAAR

OORSIG

Vers 4	Vers 5
Jona se prediking	Ninevé se antwoord.

INSIG

In hierdie dagstuk word Ninevé se antwoord op Jona se preek behandel.

'n Godswonder vind plaas: die deur en deur verdorwe Ninevé bekeer hulle. Dink jou 'n oomblik in: die Jode en Assiriërs was aartsvyande en hier kom 'n Jood en een met wat 'n boodskap (Nog 40 dae ...!) Op die heel minste sou 'n mens verwag het dat die rou heidene hom sou spot en wegjaag. Die teendeel gebeur: Ninevé bekeer hulle in sak en as en dit na *een* preek!

Dit is in een woord beskamd vir Israel, want hulle het honderde preke gehoor. Daar was nie net een profeet nie, maar baie. Wat was egter die resultaat? Profetemoord! (Mt 23:37, p. 37). Uiteindelik het hulle die grootste van alle profete, die Seun van God, gedood!

Die Jode ten tyde van die N.T. was soveel meer bevoorreg as Ninevé: hulle het Jesus self gehoor en gesien hoe sy prediking bevestig is met die magtigste wonders. Nogtans het hulle nie geglo nie, maar van Hom 'n teken geëis as bewys dat Hy regtig deur God gestuur is (Mt 12:38). Jesus weier om hulle die teken te gee wat hulle vra. Hulle kry wel 'n ander teken; die teken van alle tekens: die dood en opstanding van Jesus, die vervulde Jona-teken! (Mt 12:39, 40). Daarin was hulle soveel ryker as Ninevé, want Ninevé moes tevrede wees met slegs die afskaduwing van daardie teken: al wat hulle gehad het, was die afbeelding van Jesus se sterwe en opstanding in die ondergang van Jona in die woedende golwe van God se toorn en sy wonderbare verlossing. Die Jode daarenteen het soveel *meer* gehad: Jesus self, wat die teken van Jona vervul het (Mt 12:41 O.V.). Nogtans verwerp hulle die Christus. Daarom waarsku Jesus hulle: "Die mense van Ninevé sal op die oordeelsdag saam met die mense van vandag opstaan en teen hulle getuig." (Mt 12:41).

Die manne van Ninevé het "geglo", d.w.s. hulle het aanvaar dat dit regtig sal gebeur. Die komende gerig was vir hulle 'n verskriklike werklikheid. Let wel, daar staan nie dat hulle Jona geglo het nie, maar dat hulle "in *God* geglo" het. Agter Jona het hulle dus sy Sender gesien en in sy prediking het hulle die stem van God gehoor. As dit nie die geval was nie, sou hulle reaksie totaal anders gewees het. Dan sou hulle die profeet miskien gespot of selfs gestenig het. Hulle het die groot erns van die prediking begryp. God self wat daarin tot hulle kom!

Dit het ook vrugte gedra in hulle lewens: hulle het 'n vasdag uitgeroep, groot en klein, aansienlikes en geringes, het hulle met rougewaad bekleed. Dit was 'n teken van droefheid. Hulle het gerou daarvoor dat hulle God hartseer gemaak het en sy troon oor hulle gehaal het a.g.v. hulle sondes. Vir sulke mense, wat treur oor hulle sondes en hul toevlug tot God se barmhartigheid neem, is daar hoop: Jesus spreek hulle salig. (Mt 5:4, p. 9).

UITSIG

- Ninevé het hulle bekeer na een preek. Hoeveel preke het jy al gehoor? Die manne van Ninevé het een preek gehad. Jy het die hele Bybel. Jy het soveel meer kennis aangaande God se verlossingswerk in Christus. Wat is die vrug daarvan in jou lewe?
- Waarom bly die meeste mense vandag onbekeer, ondanks die ernstigste prediking? Omdat hulle blind is vir God wat daar agter staan!
- Is die komende gerig vir jou 'n lewende werklikheid? Berei jy jou daarop voor? Onthou: God eis ook van jou 'n "hartlike berou" oor jou sonde ([H.K. V/A. 89](#)).

GEBEDSRIGLYN:

- Bid dat die prediking in jou lewe vrugte mag dra van berou, bekering en 'n toevlug neem tot God se genade in Jesus Christus.

LEES: Mt 12:38-42 (p. 20).

HK Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike berou daarvoor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan weglug (a).

(a) [Rom. 8:13](#); [Joël 2:13](#); [Hosea 6:1](#).

DIE GEPREDIKTE WOORD LEWER HEERLIKE VRUGTE OP

OORSIG

Vers 6	Vers 7-8	Vers 9
Die koninklike voorbeeld: Hy gaan sy volk voor in roubetoon.	Die koninklike proklamasie: oproep tot rou, gebed en bekering.	Die koninklike proklamasie gemotiveer: Miskien sal God barmhartig wees.

INSIG

V.5 was 'n kort opsomming van Ninevé se reaksie op die prediking. In vv. 6-9 word die heerlike *vrugte* van die *Woordverkondiging* nou breër uitgewerk, soos dit o.a. na vore kom in die koninklike proklamasie:

Die koninklike proklamasie getuig in die *eerste* plek van 'n diep *skuldbesef*. Die prediking van Jona het die gewete van die koning geraak. Soos 'n weerligstraal in 'n donker nag skielik die hele landskap helder verlig, so het die verkondiging van Jona in een slag die koning en sy volk se sonde in die helder lig van God se Woord gestel. Dit bring die koning tot die belydenis dat hy en sy volk op die verkeerde weg was (v.8). Hy probeer die sonde nie verbloem nie. Daarteenoor was Israel salig onbewus van hulle sondeskuld en van die toorn van God wat hulle as gevolg daarvan verdien het. (vgl. dagstuk 1).

Die koninklike proklamasie roep *tweedens* op tot *berou, gebed en bekering*:

- Die volk word gebied om te *treur* oor hulle sondes. Dit word uitgedruk deur die vas en rougewade. Daarin stel die koning self die voorbeeld, want hy ruil sy troon vir 'n ashoop en sy koningsgewaad vir 'n boetekleed (v.6). Selfs die diere word betrek by die nasionale boetedag. Dit is in lyn met Rm 8:19-22 (p.206) wat leer dat ook die skepping aan die vloek van God onderworpe is a.g.v. ons sondes en sug om daarvan bevry te word.
- Die volk word voorts opgeroep tot *gebed*. Die gepredikte Woord breek rou heidene se mond oop in 'n smeekgebed.
- Ook moet elkeen hom *bekeer* van sy sondes. Rou en gebed moet altyd gepaardgaan met bekering!

Droefheid oor jou sonde sonder afkeer van jou sondes is huigelary. Hoe treurig dat 'n heiden dit beter weet as die kerk! (Vgl. Jes. 58:6, 7 p.777). Gebed om vergifnis, sonder bekering, is soos 'n papegaai op 'n stok met 'n ketting aan sy poot: Dit styg nie uit bo die plafon van jou kamer nie. Wat 'n skande dat die koning van Ninevé dit beter begryp as die volk van God! (Vgl. Jes. 1:15, 16 p.717).

In die derde plek moet ons let op wat die koning met die proklamasie beoog. Dit sê hy in v.9: Miskien sal God *barmhartig* wees? Ninevé het dus die kern van Jona se prediking goed begryp: die God van Jona ken ook genade, want as die mens roep om hulp, verlos hy uit die hel (die vis) en as die mens omkeer, keer Hy ook om. Daarop hoop die koning vurig: "Miskien?" Daarin klink iets van twyfel deur. Dit was nie dat hy nie geglo het aan God se belofte van verlossing nie, maar sy bewustheid van die grootsheid van sy sonde berouf hom van geloofsekerheid.

UITSIG

- Die krag en die waarde van die prediking word hier op luisterryke wyse geïllustreer.
- Hartseer oor jou sonde is nie genoeg nie. Dit is nie genoeg om te vas *oor* jou sondes nie, maar jy moet ook vas *van* jou sonde (M. Henry).
- As jy na jouself kyk, sal jy nooit *geloofsekerheid* kry nie, want jou sonde sal altyd soos 'n berg voor God lê, hoe heilig jy ookal probeer leef. Sekerheid van jou saligheid sal jy nêrens anders kry as in God se *belofte in Christus* nie: ons sondes is nooit so groot dat dit nie bedek kan word met die bloed van Christus Jesus nie.

GEBEDSRIGLYN:

- Bid die Here dat die prediking ook by bg. vrugte in jou lewe sal dra!

LEES: Twaalf Artikels of Apostoliese Geloofsbelydenis.



DIE *HERE* HET BEROU

OORSIG

Vers 10a	Vers 10b
Die aanleiding tot God se berou.	God se berou.

INSIG

Dikwels is daar in die Bybel sprake van die berou van God. Dit beteken dat God afsien van iets (Jon 3:10. Vgl. O.V. en N.V.). Dit mag by 'n mens die indruk skep dat God veranderlik is: Hy hou Hom nie by sy Woord (sy beloftes of straf) nie en Hy is veranderlik t.o.v. sy ewige raadsplan. Dit is egter hoegenaamd nie die geval nie.

Om God se berou en hoe Hy tot berou beweeg word, goed te verstaan, moet ons dit verklaar vanuit die verbond. Die verbond bestaan uit drie dele nl. beloftes, eise en strawwe.

As sy volk hulle nie hou aan die eise van die verbond nie, dan het God berou oor die goeie dinge wat Hy beloof het. Dan sien Hy daarvan af en Hy hou hom *onveranderlik* aan sy Woord deur sy kerk met sy strawwe te besoek. As hulle hulle egter bekeer en glo dan het God berou oor die straf waarmee Hy hulle gedreig het. Wat beweeg God dus tot berou? Die mens se houding t.o.v. die eise van die verbond, d.w.s. of hulle hulle bekeer en glo of nie. God se beloftes is dus altyd voorwaardelik: dit is gebind aan die voorwaarde van geloof en bekering.

So moet 'n mens ook die prediking van Jona in Ninevé verstaan. Dit was *nie* 'n onvoorwaardelike onheilsaankondiging so in die sin van: dit maak nie saak hoe gehoorsaam Ninevé word en hoe hulle ookal smee om genade nie, dit SAL gebeur! Die Nineviete het dit nie gesien as 'n onontkombare lot nie, maar as 'n dreiging wat werklikheid sou word, *tensy* hulle hulle bekeer.

"Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer . . . het Hy af gesien van die ramp ..." (v. 10). God het hulle goeie werke gesien. Dit mag verkeerdelik by ons die indruk wek asof hulle hulle redding deur hulle goeie werke verdien het, en asof ons God se beloftes kan verdien deur ons bekering. Dit bly egter altyd belangrik, ook hier weer, om nie 'n teks uit sy verband te ruk nie, want doelbewus het die skrywer van hierdie boek v. 5 (Jona 3) voorop geplaas: "Die manne van Ninevé het toe in God *geglo* . . ."As gevolg daarvan het hulle gebreek met hulle sonde en toe God die egtheid van hulle geloof "sien" (v. 10) soos dit na vore kom in die vrug van bekering, *toe* het God afgesien van die straf. Deur die geloof is hulle dus geregverdig, maar so 'n geloof dra ook vrugte! Dit beteken ook weer nie dat ons geloof iets verdiensteliks is nie, maar die geloof is 'n leë hand wat gevul moet word met Christus se soenverdienste en dit red ons.

God is onveranderlik ook t.o.v. sy raadsplan, want die bekering en redding van Ninevé was ook daarin opgeneem. Dit is nie 'n besluit waartoe God skielik beweeg is deur hulle bekering nie.

UITSIG

- God het sulke groot en heerlike dinge by jou doop aan jou belowe! Daar word egter ook eise aan jou gestel: geloof en bekering! Sy beloftes aan jou is dus voorwaardelik.
- Self kan jy die eise nooit nakom nie! Die wonderlike is egter dat die Here ons by

die doop ook die Heilige Gees belowe: Hy skenk ons die geloof in die reinigende bloed van Christus en Hy vernuwe daaglik ons lewe, d.w.s. Hy maak ons tot gehoorsame kinders van God. Geloof en bekering is dus 'n gawe van Hom en nie 'n verdienste van ons kant nie.

GEBEDSRIGLYN:

- Bid daaglik om die gawe van die Heilige Gees, dat Hy jou gelowig en gehoorsaam sal maak.

LEES: Jer 18:1-10 (p. 809) en die Doopsformulier.



DIT IS VIR DIE KERK MOEILIK OM VAN GENADE ALLEEN TE LEEF.**OORSIG**

Vers 1	Verse 2 & 3	Vers 4
Aanleiding tot Jona se tweede gebed.	Inhoud van sy tweede gebed.	Verhoring van sy tweede gebed.

INSIG

Vandag word verse 1 tot 3 bespreek.

Jona se tweede gebed verskil radikaal van sy eerste (Jon 2). Terwyl hy in die eerste tot die *ootmoedige* belydenis kom dat die verlossing net van die HERE af kom (2:9), is die tweede gebed die ene *hoogmoedige* opstand teen die leer van genade alleen.

Ninevé is gered. Dit was vir hulle seer sekerlik 'n bron van groot vreugde en 'n rede om fees te vier. Jona daarenteen is woedend. Dit is doodeenvoudig onbegryplik: 'n Dominee is kwaad, omdat duisende mense gered is op sy prediking. Waarom is hy so kwaad? "Hieroor" (v.1), d.i. oor God se barmhartigheid teenoor Ninevé (3:10).

Jona laat 'n mens baie dink aan die oudste broer in die gelykenis van die verlore seun [Lukas 15]: Hy was boos, omdat sy vader 'n deurbringer met oop arms terugontvang het, al het hy dit nie verdien nie. Net so is Jona woedend op God, omdat Hy Hom ontferm het oor so 'n slegte stad. Ninevé het dit eerder verdien om te vergaan.

In sy boosheid begin hy bid (v.2). *Dat* hy bid tot God is goed, want dan is ons by die regte adres met al ons vrae en probleme. *Wat* hy bid, is in een woord ontstellend (vv. 2,3).

Sy *gebed* is in die *eerste plek* 'n skerp *verwyf* teen God, omdat Hy Ninevé barmhartig was. Sy gebed begin met "ag". So is ook klaagliedere in die Bybel. Terwyl daar blydschap in die hemel is oor een sondaar wat hom bekeer, sug en kla Jona daaroor. Soos die oudste seun (Lk 15:28 p.105) weier hy om saam fees te vier.

In die vervolg kom die oorsaak van sy toorn nog duideliker na vore: "Ek het gewet U is 'n genadige en barmhartige God ..." (v.2). Dit lyk na 'n belydenis, maar dit is 'n verwyf: Hoe kan U sulke goddelose mense barmhartig gewees het? Agter die woorde lê 'n hele hoop hoogmoed: Ek en my volk verdien dit, maar nie hierdie sondaars nie! Weer is dit asof 'n mens die stem van die oudste broer hoor (Lk 15:29 p.105).

Jona het ook 'n probleem met die verhouding tussen God se regverdigheid en barmhartigheid: Hoe kan 'n regverdige God die sonde ongestraf laat? Jona haal Eks 34:6, 7 (p.105) egter half aan, want daar staan dat God die sonde nie ongestraf laat nie en op Golgota het Hy sy regverdigheid in die openbaar bewys, deur die sondes van sy uitverkorenes te straf aan sy eie Seun (Rm 3:25, 26 p.202).

In die *tweede* plek praat hy sy vlug na Tarsis goed. Ondanks die feit dat God hom so duidelik geleer het wat sy wil is en ondanks die feit dat God hom so wonderlik verlos het, keer hy weer terug na sy ou sonde van opstand teen die wil van God. Hy is ondankbaar!

In die *derde* plek bid hy om te mag sterwe. Die gebed verskil soos dag en nag van die van Elia (I Kn 19:4, 10 p.370). Elia wil sterf, omdat daar geen vrug op sy arbeid is nie, maar Jona wil sterf, omdat sy prediking geslaagd was! Jona wil liever sterf as om die HERE se wil en barmhartigheid met blydschap en oorgawe te aanvaar.

UITSIG

- Ons het almal moeite daarmee om van genade alleen te lewe. Dit krenk immers ons ego, want genade sê: Jy is 'n nul op die kontrak. Jy kan geen bydrae lewer tot jou eie saligheid nie.
- Hoeveel keer het jy nie al teruggeval in dieselfde sonde nie?

GEBEDSRIGLYN:

- Bid die Here om jou gewillig te maak om van genade alleen te leef en Sy wil te doen, want anders sal ons dit NOOIT doen nie.

LEES: Lk 15 (p. 105).



**DIE KERK SELF HET DIE *HERE* SE GENADE EN
LANKMOEDIGHEID SO NODIG**

OORSIG

Vers 1	Verse 2 & 3	Vers 4
Aanleiding tot Jona se tweede gebed.	Inhoud van sy tweede gebed.	Verhoring van sy tweede gebed.

INSIG

In hierdie dagstuk word die verhoring van Jona se gebed behandel (v.4).

Jona het weer in sy ou sonde van verset teen God se wil en genade verval. In sy gebed het hy gevra om te mag sterwe.

In ons oë sou Jona dit verdien het as God sy gebed sou verhoor het en sy lewe van hom weggeneem het. Hy verhard hom immers in sy ou kwaad.

Hoe wonderlik reageer God dan nie op die gebed van sy hardkoppige kneg nie, want Hy gee hom nie wat hy vra en wat hy verdien nie! Selfs nou, op sy herhaalde sondigheid, word die *HERE* nie toornig op hom nie. Al wat Hy doen, is om Jona 'n vraag te stel: "Het jy rede om kwaad te word?" God verhoor dus wel Jona se gebed, maar nie soos hy self dit wou gehad het nie. Hoe goed is die *HERE* nie dat Hy tog die sondige gebed verhoor nie!

Die vraag is *eerstens* so *liefdevol*, want daarmee wil Hy Jona tot besinning bring. Hy laat Jona nie voortploeter in die kwaad nie, maar met die vraag sit Hy hom agterna en wil Hy hom terugbring na Hom toe. 'n Mens begryp die wonder en grootheid van God se liefde eers dan werklik as 'n mens bedink dat dit die tweede maal in 'n kort tyd is dat sy soekende liefde sy halsstarrige kneg agtervolg. God is so geduldig met hom!

Tweedens is die vraag so *ontdekkend*, want dit lê Jona se eie sondigheid en dus sy eie behoefte aan genade bloot. Ons kan die vraag so omskryf: Jona, jy wat pas God se genade ervaar het, toe Hy, ondanks jou ongehoorsaamheid, jou lewe op so wonderlike manier van so 'n deur en deur verdienende dood gered het, is jy kwaad, omdat hierdie selfde genade nie net aan jou en jou volksgenote nie, maar ook aan 'n heidennasie bewys word?!

In verband met hierdie geskiedenis sê Luther: "Ek hoor baie liever hoe die groot heiliges gedwaal en geval het, as van die groot, heerlike daade en wonders wat hulle gedoen het, want hulle dwaling en val getuig dat hulle ook mense was soos ek. Wanneer ek hoor of lees hoe skandelik Dawid, Jona of Petrus en dergelike heiliges gestruikeld en geval het, skep ek moed daar ek dink: God wat hierdie heiliges wat tog so swaar gesondig het, weer in genade aangeneem het, sal tog ook my nie verwerp nie."

Jona verset hom so teen God se barmhartigheid, genade, lankmoedigheid, goedertierenheid en berou (v.2), maar telkens ervaar hy God se barmhartigheid ens. aan eie lyf. Die vers kan ons daarom ook die kern van die boek Jona noem: Jona en die kerk moet leer hoe nodig hulle dit alles het.

UITSIG

- ° Ons praat soms van die raaisel van die onverhoorde gebed. Dit is beter om te praat van die wonder van die anders verhoorde gebed, want dikwels vra ons dinge wat nie goed is vir ons nie en dan verhoor die *HERE* ons tog in die sin dat Hy ons nie dit

gee waarom ons vra nie, maar iets veel beters.

GEBEDSRIGLYN:

- Bid altyd in die Naam van Jesus Christus, want Hy is die enigste grond en rede vir ons gebedsverhoring.

LEES: 2 Kor 12:1-10 (p. 242).



DIE *HERE* GEE HOORBARE EN SIGBARE ONDERWYS AAN SY KINDERS

OORSIG

Verse 5-9	Verse 10-11
Die <i>HERE</i> gee Jona aanskoulike onderwys.	Die <i>HERE</i> pas die aanskoulike onderwys toe.

INSIG

Vv. 5 tot 9 sal behandel word.

Soos 'n nukkerige kind beantwoord Jona nie die *HERE* se vraag (v. 4) nie, want hy het soveel moeite met God se barmhartigheid jeens sondaars.

Selfs nou laat die *HERE* egter sy kneg nie los nie. Hy wil so graag hê dat Jona iets van sy barmhartigheid sal begryp. Daarom gaan Hy voort met sy onderwys. As woorde dan nie help nie, maak God van 'n ander metode gebruik: aanskoulike onderwys!

Almal wat by die onderwys betrokke is, weet hoe belangrik dit is om 'n leerling iets te laat sien. As 'n onderwyser bv. die anatomie van die hart aan hulle wil verduidelik. help 'n prent daarvan die leerlinge om sy woorde des te beter te begryp.

Nou is daar geen beter Onderwyser as God nie. As woorde nie genoeg is om sy barmhartigheid by Jona tuis te bring nie, dan maak Hy gebruik van "prente", nl. 'n wonderboom, 'n wurm en 'n gloeiende oostewind. Eers kry Jona ore-onderwys en dan oë-onderwys. Daar is ook nie 'n geduldiger Onderwyser as God nie, want kyk net hoeveel geduld lê hy aan die dag met sy leerling.

Drie maal staan daar: God "beskik" (O.V.). Hy beskik 'n wonderboom (v. 6), 'n wurm (v. 7) en 'n oostewind (v. 8). Ook op 'n ander plek het ons die woord al teëgekome (Jona 1:17). Die ganse skepping staan tot God se beskikking om iets by sy kinders tuis te bring, om hulle te straf en om hulle op die regte pad te lei.

In v. 6 sê die *HERE* wat sy *doel* met die wonderboom was, nl. om skaduwee te gee vir sy kop en dan veral "om hom van sy misnoeë te bevry." Waaroor was Jona ontevrede? Oor God se barmhartigheid jeens sondaars! Van hierdie onredelike ontevredenheid wil die *HERE* hom "red" d.m.v. hierdie sigbare onderwys.

Jona reageer egter glad nie positief op God se geduldige bemoeienis met hom nie. Vir die tweede maal sê hy: "Dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe" (v. 8; vgl. v. 3). Hierdie keer is dit egter nie 'n gebed nie, maar 'n wens. Jona neem dus nie meer sy toevlug tot die *HERE* nie!

Hoe wonderlik is God se reaksie dan nie: al soek Jona hom nie op nie, Hy soek hom wel op! Vir die soveelste maal loop hy agter Jona aan en vir die tweede (!) maal vra Hy hom 'n vraag: "Het jy rede om kwaad te word oor die komkommerplant?" (v. 9; vgl. v.4). Daarop antwoord die profeet driftig: "Ek het reg (dit staan voorop in die oorspronklike!) om terdeë vertoorn te wees" (eie vertaling). 'n Mens sou verwag dat die *HERE* Jona nou sal doodmaak op so 'n astrante antwoord, maar dan ken jy nog nie die geduld van God nie.

UITSIG

- Ons ontvang ook aanskoulike onderwys van die HERE. Die doop en die nagmaal is ook "prente" van sy barmhartigheid in Jesus Christus. Verder leer die Here ons ook deur natuurrampe, siekte, ens.
- God soek mense op wat na Hom nie gevra het nie. Dit geld ook van ons: God bewys sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondears en vyande van Hom was, d.w.s. toe ons niks van Hom wou weet nie, toe het Hy sy Seun gestuur (Rm 5:8. 10 p. 203).

GEBEDSRIGLYN:

- Bid God om geopende ore en oë vir sy onderwys aan jou.

LEES: Ps 19 (p. 584).



DIE HERE IS GENADIG, BARMHARTIG EN LANKMOEDIG**OORSIG**

Verse 5-9	Verse 10-11
Die HERE gee Jona aanskoulike onderwys.	Die HERE pas die aanskoulike onderwys toe.

INSIG

In hierdie dagstuk word vv. 10 en 11 bespreek.

Ten spyte van Jona se rebelse antwoord (v.9) verdalg die HERE hom nie, maar gaan geduldig verder met sy kneg.

Die boek Jona eindig met 'n woord van die HERE. God het altyd, en so ook nou, die laaste woord. Die HERE vergelyk Jona se houding teenoor die wonderboom met sy (God se) houding teenoor Ninevé. Daardeur wil Hy Jona laat voel hoe onbillik en sleg dit van hom was om van God te eis dat Hy die stad moet vernietig.

Jona is baie besorgd oor 'n nietige ou eendagstruikie, wat heeltemal buite sy sorg ontstaan en opgegroeï het. Hy is woedend, omdat so 'n plantjie, waaraan hy geen werk gehad het nie, nou vergaan het. 'n Verganklike plant lê hom na aan die hart.

Daarteenoor stel die HERE nou die groot stad Ninevé en sy houding teenoor die stad. Die enorme stad is die werk van God se hande. Hy het die mense geskape en Hy versorg en onderhou hulle ook nog elke dag. Boonop is daar onder hulle 120 000 kinders wat nog nie weet wat reg of verkeerd is nie. Ook is daar baie vee wat eweneens sy skepsele is en vir wie Hy ook baie omgee. God skep nie 'n behae daarin om die werk van sy hande sommer net so te vernietig nie.

Jona stort geen enkele traan oor die duisende mense en vee nie. Daarteenoor is dit vir die HERE 'n smartlike saak om die stad te verwoes. V.11 kan ook so gelees word: "Sou ek nie *verdrietiesig* wees oor die groot stad . . . nie?" Dit is hartroerende woorde. Die HERE is nie 'n tiran wat koud en onbewoë 'n hele stad of wêreld oorgee aan die gerig nie. Dit bedroef Hom. Hy dink aan die duisende kindertjies en selfs aan die onskuldige vee. Hy hoor hulle angskrete en radelose gille. Daarom kom Hy nie oorhaastig met sy oordeel nie, maar eers dan wanneer sy lankmoedigheid sy uiterste grens bereik het. Dwarsdeur die Bybel openbaar Hy Homself so: as 'n God wat nie 'n vreugde daaruit put dat die sondaar omkom nie, maar eerder dat hy gered word (I Tm 2:4, p.275; II Pt 3:9, p.315). Vir oulaas wys God Jona dus op sy groot barmhartigheid en lankmoedigheid.

Dit lyk asof die boek Jona stomp afeindig. Ons weet immers nie wat toe uiteindelik van Jona geword het nie. Dit beteken egter nie dat die boodskap van die boek onvoltooid is nie. Intendeel, die boek het volkome sy doel bereik, want dit het ons 'n dieper blik in elke verbondskind se hart gegee en ons geleer hoe bitter nodig ook 'n kerkmens die genade van God het. Veral het die boek ons 'n kyk gegee in God se hart: Hy is 'n God wat barmhartig en genadig is!

Die naam Jesus lees ons nie in hierdie boek nie, maar die hele boek is vol van Hom. Dit is immers alleen danksy Hom dat God ons genadig is en afsien van die straf wat ons verdien. Dit is daarom die groot boodskap van die boek: *die heil behoort aan die HERE*, d.w.s. ons verlossing is net sy werk (Vgl. Jon 2:9).

UITSIG

- Gee altyd *aan God alleen die eer* vir jou verlossing, d.w.s. vir jou geloof, jou bekering, jou vryspraak van skuld en jou beërwing van die ewige heerlikheid.

GEBEDSRIGLYN:

- Loof die HERE vir sy barmhartigheid, genade, lankmoedigheid, liefde en vergifnis jeens jou.

LEES: Eseg. 18 (p. 878).